Leesverslag vir VBO: Mike Smuts

Müller, Julian: "Om te mag twyfel. 'n Gelowige se reis."
Tafelberg Uitgewers, Heerengracht, Kaapstad. 2011.

Omdat ek daarvan oortuig is dat twyfel deel van die lewe van baie gelowiges is, het die titel van die boek my getrek. Ek onthou 'n frase in een van Izak de Villiers se gedigte waar hy as predikant bid: "Wees met my, 'n twyfelaar wat glo." My oortuiging is dat ons geroep word om deur ons twyfel heen te glo.

Ek gee 'n opsomming van die inhoud van die boek en volg dan met 'n paar teologiese refleksies daaroor.

Opsomming
Müller noem sy boek 'n outobiografiese teologie. Hy skryf dit vir "mense wat soms met geloof sukkel, mense wat nie elke dag ewe goed glo nie en mense wat hulle geloof beslis nie as 'n prestasie kan aanbied nie." Die boek het die karakter van 'n persoonlike getuienis van hoe sy eie teologiese insigte van kindsbeen af tot nou ontwikkel het. In die eerste vyf hoofstukke beskryf hy sy geloofsreis en in hoofstukke 6 tot 9 behandel hy sy verstaan van God binne die nuwe paradigma.

Die eerste deel van die boek klee hy in aan die hand van 'n Venda verhaal: 'n Seun volg 'n heuningvoëltjie op soek na heuning. Hy kom by 'n kraal met bokke aan, maar die heuningvoëltjie moedig hom aan om verder te gaan "want daar is beter dinge vorentoe". Hy kom by 'n kraal met skape en die heuningvoëltjie moedig hom aan om verder te gaan. Hy kom by 'n kraal met beeste en weer word hy aangemoedig om verder te gaan. Uiteindelik kom hy by 'n vrou met net vier tande wat hom wil doodmaak. Hy klim in 'n boom, maar sy verslind die boom. Drie van sy honde probeer hom verdedig maar sy verslind hulle ook. Uiteindelik kry sy vierde lam hond haar aan die nek beet en byt vas tot sy dood is. Die seun neem dan alles vir homself.

Julian gebruik die verhaal om sy geloofsreis van kraal tot kraal te beskryf. Die eerste kraal wat hy besoek is die van geloofsekerheid. Die begrip "geloofsekerheid" staan vir hom uit in sy geloofsreis. Hy vertel hoe hy geleer is om te glo dat 'n mens geloofsekerheid moet hê en dat jy dit kry deur 'n eenvoudige resep te volg: Bely jou sondes en neem Jesus aan as jou enigste Verlosser. Hy sê dat hy dit gedoen het, maar nooit enige wonderlike gevoel beleef het nie en dat die resep blykbaar nie so goed vir hom gewerk het nie. Hy verhaal dan sy ontnugtering met die begrip en uiteindelik sy bevryding daarvan.

Die volgende "kraal" wat hy behandel is die van "Boeregeloof" waarvan hy "gespeen" moes word. Hy vertel hoe ons almal in ons studentejare in die tyd van Dr Verwoerd meegevoer is met die begrip Christelike-Nasionalisme. Sy verhaal is een ontnugtering en bevryding van eng Afrikaner Nasionalisme en 'n ontwaking vir die nood van die ander. Uiteindelik kom hy tot die konklusie dat hy 'n "recovering racist" is: "Ek is in 'n proses herstel van die Boeregeloof met sy diepgewortelde rassisme as onontkenbare deel daarvan." (p.67)

Die derde "kraal" wat aan die orde kom, is die van die rol van die kerk. "Dit gaan oor die versoeking om berusting by oppervlakkige, kerklike sekuriteit te soek." Hy vertel die pynlike verhaal van klagtes wat teen hom as dosent van die Teologiese Fakulteit ingebring is en die verloop van die verhore, asook die afloop daarvan. Hy het ontdek dat die sekuriteit van die kerk 'n illusie is, soos wanneer jy op 'n motorfiets ry. Jy voel veilig, maar moet steeds weet dat jy uiters kwesbaar en onveilig is. Oor sy verhouding tot die kerk sê hy dan: "Aan die een kant is daar 'n diepe verbondenheid en liefde, aan die ander kant 'n groeiende kritiese ingesteldheid teenoor die instelling van die kerk." (p.93) In die volgende hoofstuk vertel hy van die trauma wat hy beleef het as gevolg van 'n DVD wat ene Sarel van der Merwe oor hom gemaak en versprei het. Hy vertel van sy teleurstelling oor hoe gemaklik mense en die pers hom op grond daarvan veroordeel het. Uiteindelik het hy wel ervaar dat die pers, waar hy so gemaklik onder verdenking gebring is, hom later graag gebruik het om bydraes te lewer.

Hoostuk 6 met die titel “Geloof en verstand” is die begin van die tweede deel van die boek waarin die skrywer sy huidige geloofsposisie beskryf. In die hoofstuk behandel Müller die feit dat die Bybelse boodskap in terme van die wêreldbeeld van Bybelse tye verwoord is; ‘n beeld wat stry teen die moderne wetenskaplik geïntegreerde wêreldbeeld van vandag. Dit veroorsaak twyfel by mense. Sommige vlug in literatuur wat troos in vroom boodskappies bied, terwyl ander geloof in die kerk en sy boodskap verloor. Dit gaan oor die verhouding tussen geloof en verstand. Hy onderskei tussen geloof en bygeloof. “Bygeloof is bang vir die rede en hou nie van kritiek nie, terwyl geloof in die geheel van menslike ervaring ingebed is en daarom ook in die verstand.”(p.122) Hy behandel die hantering van Skrifbeskouïng en toon aan dat bygeloof met ‘n meganiese siening van inspirasie van die Skrif werk, terwyl geloof die Bybel as hoogste gesag vir ons geloof hanteer, maar met ‘n volle erkenning van die menslike neerpen van die boodskap – organiese inspirasie.

In die volgende hoofstuk, “Waar is God?”, stel die skrywer die kontras tussen twee geloofservarings aan die orde. Aan die een kant is daar die verpakte, vereenvoudigde en gereduseerde geloofstaal wat aan mense sekerhede gee. Dit is vir baie mense in vandag se klimaat van die soeke na kitsklaar produkte aantreklik; veral vir mense vir wie sekerheid en ‘n gevoel van veiligheid deurslaggewend is. Dit is egter ‘n benadering wat die misterie van God soos ons Hom in die Bybel vind, verbygaan. Dit is ‘n benadering wat die nuwe wetenskaplike denkwêreld ignoreer. Müller illustreer die twee benaderings aan die hand van die twee bordspeletjies, *Scrabble* en *Balderdash*. Die eerste werk met presiese reëls en beperk jou daartoe. Korrektheid van taal is belangrik. Die ander daag jou uit tot verbeeldingryke gebruik van woorde. Uiteindelik verklaar hy: “Ek bly daarvan oortuig dat die *Balderdash*-geloofstaal die beste gepraat word waar *Scrabble* ook steeds in omloop is. ....By wyse van spreke moet jy *Scrabble* eers baasraak voordat jy *Balderdash* kan geniet. Dit beteken dat jy eers in die ou tradisionele geloofstaal gemaklik moet wees voor dat jy in die koor van nuwe moontlikhede begin saam praat.” (p.144) Daarmee kies hy om steeds ‘n verbondenheid aan die kerklike tradisie te handhaaf. “Dit is immers juis in gesprek met ons geloofstradisie dat ons in staat is om skuiwe in ons geloofsdenke en – taal te maak.” (p.145)

In die volgende hoofstuk, “God is in alles en alles is in God”, gee die skrywer ‘n verduideliking van sy postteïstiese geloofsposisie. Hy behandel eers die teïstiese verstaan van ons teologiese tradisie. Hy herlei dit na die drie-laag wêreldbeeld van die voorwetenskaplike Bybelse tye. “Daarvolgens het God sy eie woonplek in die boonste sfeer, die mens bewoon die middelste vlak op die plat aarde en die bose is in die onderste vlak gehuisves.” (p.151). Hy beweer dat ons op die lang duur nie meer kan voortgaan om oor God in teïstiese taal te praat nie. Dit beteken egter nie “dat jy God agterlaat of wil agter laat nie.” Dit is eerder ‘n poging om jou verstaan van God te integreer met ‘n nuwe verstaan van die wêreld. Hy kyk na die panenteïsme van Krause as ‘n alternatief en kies uiteindelik vir ‘n postteïstiese posisie. Hy sê: “Ek sou my graag ‘n postteïs wou noem. Dit beteken ek aanvaar dat ‘n bepaalde era met sekere (verouderde) denkwyses en taal oor God verbygegaan het. Natuurlik word ek nog daardeur beïnvloed en is bykans onmoontlik om nie die reste daarvan in my eie denke en taal saam te dra nie. Ek dink nog, praat nog en sing nog in die ou taal en dit spreek selfs nog tot my. Aan die ander kant weet ek dat ek onherroeplik aanbeweeg het en nuwe denkraamwerke oor God my nou inspireer en fassineer.” (p.160). Uiteindelik kontrasteer hy ‘n teïstiese met ‘n postteïstiese verstaan van God in ‘n tabel. (Ek kom na die tabel terug in my teologiese refleksie wat later volg.) Hy beweer dat die Bybel nie net ‘n teïstiese taal oor God praat nie, maar ook postteïsties en pleit dan dat ons ons geloof so moet herontdek.

Müller se slothoofstuk dra die titel “God as Reisgenoot”. Hy verwys na die verhaal van Jesus en die Emmausgangers. Tot aan die einde van die reis was Jesus vir hulle ‘n vreemdeling; was Hy by hulle sonder

dat hulle besef het wie Hy is. Hy pleit daarvoor dat ons meer moet dink in metafore vir God wat nie te finaal en afgerond is nie. Hy is eerder die Reisgenoot wat ons keer op keer weer ontdek in gewone gebeure van die lewensgang. Hy sê: "Ons teoloë sal in groter nederigheid ons plek duskant waarheid en tussenin onsekerheid en twyfel moet vind. Dan word ons teologie 'n teologie vir mense en 'n teologie wat van die voorlopigheid van sy aansprake bewus is. So 'n teologie is voorts gewillig om verbeeldingryk en waagmoedig 'n nuwe taal te gebruik om ons ervaring van menswees voor die aangesig van God te verwoord." (p.175) Die eerste stap is om God as Reisgenoot te sien. Verder is dit nodig dat ons met groter soekende nederigheid met die Bybel omgaan, nie met "neerbuigende sekerheid' soos wat tans dikwels gebeur nie. Uiteindelik sê hy: "Die evangelie is nie 'n statiese ideologie wat net (van geslag tot geslag) oorgedra word nie. Dit is eerder soos 'n lewe wat weer en weer gebore en van nuuts af gelewe moet word." (p.177).

Teologiese refleksie:
Ek het groot waardering vir die eerlikheid en waagmoed waarmee Müller skryf. Ek kan verstaan dat gelowiges uit fundamentalistiese en kreasionistiese hoek verdoemend hierop reageer. Dit is jammer, omdat ek dink dat hy 'n bydrae lewer tot 'n nodige dialoog wat gerig moet wees op 'n verwoording van die evangelie vir wetenskaplik georiënteerde mense van ons dag.

Die skrywer en ek is tydgenote, kinders van die era van Christelike-Nasionalisme. Ons was studente in 'n tyd waarin ons identiteit as Christen-Afrikaners deur 'n elite groep gedefinieer is en waarby jy moes inval om aanvaar te word. Dit was 'n tyd van opgewondeheid oor apartheid as die Bybelse oplossing vir ons land. Alhoewel my eie geloofsreis nie identies met syne is nie, kan ek my inleef in die omstandighede wat hy beskryf en ook my eie reis na 'n nuwe en ryker verstaan van geloof herleef.

Ek konsentreer op die skrywer se kontrastering van die Teïstiese en Postteïstiese Christen (pp.163-166) aangesien dit sy boodskap die beste saamvat:

Die skrywer is reg as hy die Teïstiese verstaan van God terug voer na die drie-laag wêreldbeeld van die Bybelse tyd en dat dit prominent in ons verstaan van God gefigureer het en selfs nog figureer; miskien nog meer so by gewone lidmate as by baie teoloë. Dit is waarskynlik ook so dat die teïstiese beeld van God by baie van ons te oorheersend is. Dit is egter ook waar dat talle van die benaminge waarmee God Hom in die Bybel aan ons bekend maak, nie 'n veraf God in die boonste hemelruim teken nie. Hy is ons Vader, Jesus is ons Vriend en die Heilige Gees woon in ons as ons Trooster. Die Bybel teken Hom met metafore wat praat van 'n naby verhouding met ons: Hy is die Herder en ons is die kudde, Hy is die wynstok ons die lote, Hy is die Bruidegom en ons sy bruid, ...

Ons moet aan die ander kant nie vlug van die beeld van God as die gans andere, die heilige en die ontsagwekkende nie. Om eenduidig van God te praat, is om die menslik onverstaanbare van sy wese as God, in te perk tot ons pogings van menslike begrip. Terwyl die Bybel Hom aan ons met bevatlike menslike metafore bekend stel, sodat ons sy verhouding met ons eg kan beleef, mag ons Hom nie binne ons menslike begrip afgrens nie.

Ek kan my vereenselwig met baie van die boek se die tiperings van die postteïstiese Christen maar met bepaalde voorbehoude:

- In die tabel word van die postteïstiese Christen gesê: “God word nie *gepersonifieer* of versaaklik nie en ook nie met ‘n geslag geassosieer nie. *Geslagsgebaseerde metafore vir God word doelbewus vermy*.” (eie kursivering) Hiermee het ek ‘n ernstige probleem. Indien ons vermy om God ook as Persoon te sien, bring dit die vehoudingmatige openbaring van Hom in die gedrang. Terwyl dit waar is dat ons aan God nie ‘n manlike of vroulike geslagtelikheid kan toedig nie, is Hy ‘n Iemand, ‘n Persoon wat met ons as mense in ‘n verhouding stig en in stand hou. As ons vermy om persoonlike voornaamwoorde soos “Hy” en “Hom” vir God te gebruik, loop ons gevaar om Hom net as ‘n teenwoordige onpersoonlike goddelike krag te beleef. Dit kan die Bybelse waarheid dat God met ons in ‘n verhouding tree, erg in die gedrang kan bring. Die onverstaanbare grote God stel Hom aan ons met menslike metafore bekend omdat dit die enigste verwysingsraam is wat ons ken en kan hanteer. Aan die ander kant moet ons bewus bly daarvan dat Hy veel groter is en onbeskryflik meer is as wat ons menslike taal en metafore kan verbeeld.
- Müller kontrasteer die *teïstiese en postteïstiese verstaan van verlossing*. Teenoor die Bybelse boodskap dat Jesus ons verlos deur vir ons sonde die prys te betaal, teken hy die postteïstiese Christen se belewing soos volg: “Die klem skuif weg van ‘n transaksie tussen God en mens na ‘n ervaring van God se nabyheid, liefde en insluiting. Verlossing behels lewensvervulling en ‘n lewe in harmonie met God.” Indien ons die soendood van Christus as deel van die evangelie vermy, haal ons die hart uit die Bybelse boodskap. Die boodskap van die kruis is juis die openbaring van God se liefde en ontferming en in stryd met ‘n teïstiese noodlotsgodsdiens waarteen die skrywer reageer.
- Oor *die verhouding van wetenskap en geloof*, sê hy dat die teïstiese Christen spanning tussen geloof en wetenskap ervaar en dat die Bybel “die laaste uitweg (is) wat die laaste antwoorde moet verskaf.” Ons sien die soort teologie deesdae in ekstreme vorm in die veldtog van kreasioniste. Daarteenoor stel Müller: “Die integraal-wetenskaplike wêreldbeeld is die uitgangspunt en rasionaliteit word enduit gehandhaaf. Verantwoordelike Bybeluitleg en wetenskaplike insigte staan nie teenoor mekaar nie.” Ek stem hier heelhartig met hom saam. My voorbehoud is egter dat die wetenskaplike wêreldbeeld en rasionaliteit nie so mag funksioneer dat ons die organiese inspirasie van God se Gees uit die oog verloor nie. Die wetenskap kan ons help om onderskeidend en met begrip die Bybel te bestudeer, op soek na God se openbaring van Homself. Dit moet steeds erken word dat geloof op ‘n metafisiese vlak lê waar die wetenskap en rasionaliteit nie die finale woord kan spreek nie.

Ek herken en herleef die krale wat die skrywer in sy geloofsreis beskryf. Hulle maak ook deel van my reis uit. Ek moes ook op my eie reis oor hulle herbesin en van baie daarvan afskeid neem. ‘n Geloofsbelewing waarin ‘n wetenskaplik geïntegreerde wêreldbeeld en ‘n Bybelse geloof nie in spanning met mekaar is nie, is uiters noodsaaklik. Die skrywer se ontleding hiervan is belangrik. Ek huiwer egter as dit by sy beskrywing van die postteïstiese geloof teenoor die teïstiese kom. Terwyl die skrywer die belangrikheid van *scrabble* geloofstaal beklemtoon, is ek soms ongemaklik met sy *balderdash*-taal. Dat ons van ‘n teïstiese verstaan van God moet afskeid neem, is beslis waar. Dit beteken egter nie ons van God as Persoon wat in liefde na ons uitreik en met ons ‘n verhouding stig afskeid moet neem nie. Ek dink nie dat dit die skrywer se bedoeling is nie, maar sy beskrywing van die post teïstiese Christen klink op sommige plekke of dit wel so is. Indien wel, het ek daarmee ‘n ernstige probleem.

Müller se keuse vir ‘n organiese inspirasie van die Skrif teenoor ‘n meganiese verstaan daarvan, onderskryf ek volledig. ‘n Organiese inspirasie erken die feit dat God se openbaring van Homself deur mense vir mense in menslike taal gedoen is. Daarom speel die menslike in die Bybel ‘n groot rol. Die inkleding van die boodskap geskied binne die verwysingsraam en wêreldbeeld van destyds. Al die beperkinge van menslike verstaan van die misterie van God is ook in die Bybel aanwesig. Tog is die wonder van die Bybel dat God Hom

binne die beperkinge van ons menslike verstaan kom bekend stel sodat ons sy genadige liefde kan ontdek en binne ‘n verhouding met Hom kan leef. Terwyl ek kies vir ‘n organiese verstaan van die inspirasie van die Skrif en oortuig is dat ons met die menslike in die verklaring van die Bybelse boodskap volledig rekening moet hou, moet ons die gevaar erken dat ons dit so kan toepas dat die ervaring van inspirasie uiteindelik heeltemal verdwyn; dat die Bybel maar net nog ‘n menslike boek word. Ek glo steeds dat die kanon die vrug van God se werk in die geskiedenis is en dat ons binne ons nuwe omstandighede telkens weer opnuut sy boodskap en leiding moet ontdek.

Vanuit fundamentalistiese kant sal sommige dit maklik vind om die skrywer se geloof te bevraagteken. Ander mag selfs deur die werk ontstel word. Ek glo egter dat Müller ‘n groeiende aantal gelowiges verteenwoordig wat as gelowiges afskeid geneem het van die eensydig teïstiese verstaan van God omdat dit onhoudbaar (en onskriftuurlik) is, en nou soek na ‘n nuwe verstaan. Dit sou verkeerd wees om sy bydrae as ‘n uiting van ongeloof af te maak. Dit sou ook ‘n fout wees om dit as ‘n finale antwoord in die soeke na ‘n nuwe verstaan van God te sien. Dit is ‘n bydrae in die dialoog van mense wat glo en soek om steeds in ‘n verhouding met God te leef; mense wat ook eerlik is met hulle twyfel, terwyl hulle steeds kies om te glo.

Terwyl ons soekers is in ons verstaan van God, is dit wonderlik om te kan glo dat Hy ons in Jesus Christus gesoek het en gevind het. Binne die veiligheid van sy Vaderlike ontferming, kan ons ook eerlik wees met ons twyfel en onvermoë om alles te verstaan en verklaar!

Mike Smuts
Januarie 2012